Augustus 2024

Geagte Ouer / Voog van ‘n Laerskool Wiskunde uitblinker

AdMaths is ‘n ekstra *vak* en nie ‘n ekstra *klas* in skoolwiskunde nie. Die oogmerk van die vak is om ‘n leerder, wat reeds sterk is in Wiskunde of ‘n groot belangstelling daarin het, addisioneel tot die skoolsillabus te stimuleer en te verryk.

Waarom word AdMaths aanbeveel in die hoërskool?

Baie studente getuig dat skoolwiskunde hulle nie voldoende voorberei het vir eerstejaarswiskunde op universiteit nie. Alhoewel hulle 80% op skool gekry het, sukkel hulle om aan te pas op universiteit, veral in die eerste ses maande. Verryking addisioneel tot die KABV-kurrikulum is hoogs aanbevole vir rigtings soos Ingenieurswese, B.Sc., B.Comm. en Aktuariële Wetenskap. AdMaths help om die leemte te vul wat gelaat is met die afskaffing van Wiskunde Hoër Graad in 2007 en dit bied ‘n groter uitdaging aan die skrander, maar verveelde leerder.

Hoekom Laerskool AdMaths?

Ons het gevind dat baie leerders wat AdMaths in Graad 10 begin neem, nie opgewasse is vir gevorderde wiskunde nie. Die probleem is dat ons skrander leerders nie genoeg gestimuleer word in die skoolklas nie. Baie kry met min moeite hul 80% vir Wiskunde en kwalifiseer dan vir AdMaths. Skielik leer hulle vir die eerste keer dat net harde werk sukses bring. Die verlangde aanpassing is vir die meeste ‘n ontnugtering. Ons praat hier van ons toekomstige dokters, ingenieurs en rekenmeesters wat die intellektuele uitdaging nodig het vir universiteit.

Hoe verander ons die prentjie? Een van die maniere is om op laerskool reeds ‘n uitstekende basis in hoërskoolwiskunde en werksetiek te lê.

Is daar in-persoon kontaksessies?

Vir inligting oor u naaste sentrum besoek www.admaths.co.za >> *PARTICIPATING SCHOOLS.* Die kontaksessies (*“Garden”* pakket) vind een keer per week in kwartaaltyd plaas en duur 1 uur. Op die “*Blossom*” pakket woon leerders die weeklikse, regstreekse webinaar by. Op die “*Sprout*” pakket het leerders net toegang tot die algemene studiemateriaal, wat voorafopgeneemde video’s insluit.

Studiemateriaal en assessering

Die studiemateriaal word kwartaalliks elektronies beskikbaar gemaak op die leerder se profiel en die hardekopie kan deur kliënte bestel word by www.admathsretail.co.za. Alle kliënte word ook gekoppel aan vooraf-opgeneemde videolesings. Leerders lewer elke week ‘n kort opdrag in en skryf een keer per kwartaal ‘n formele toets.

Graad 5 invalspunt: Euclid >> Euler >> Gauss

Alle Graad 5 nuwelinge begin by die Euclid Jaar. Dan beweeg hulle aan na Euler in Graad 6 en Gauss in Graad 7.

Directors: JNJ de Villiers, DDP Jonker, M de Villiers
+2721-981-0595 | www.admaths.co.za | system@admaths.co.za
61 Protea Road, Brackenfell, Cape Town, South Africa,7560

Mag ‘n leerder in Graad 4 reeds begin met Euclid?
Ons sal dit toelaat. So ‘n leerder doen dan ‘n bonusjaar in Graad 7 genaamd Newton. Let wel dat Newton nie noodwendig op *Garden* beskikbaar is nie.

Graad 6 invalspunt: Descartes >> Fermat

Alle Graad 6 nuwelinge begin by die Descartes Jaar. Dan beweeg hulle aan na Fermat In Graad 7.

Pakkette en Registrasie

Vind ingesluit ‘n blad wat uitbrei oor die *“Jungle”*, *“Garden”, “Blossom”* en *“Sprout”* pakkette met hul onderskeie maandelikse paaiemente.

Die jaarfooi vir (bv.) die *“Garden”*-pakket (in-persoon klastoegang; hardekopieë uitgesluit) is R6120, wat die som is van 12 betalings van R510 elk van 1 Januarie tot 1 Desember 2025.

Vul die aansoekvorm in by www.admaths.co.za >> *APPLY* teen die laatste **Maandag 2 Desember 2024.**

Die kursus “begin” wanneer die studiemateriaal op 15 Desember 2024 beskikbaar gemaak word, alhoewel die regstreekse skedule eers begin in die week van 23-27 Januarie 2025.

Alle eersteslagdeelnemers betaal ‘n registrasiefooi van R510. Ons stuur ‘n faktuur met bankbesonderhede en ‘n betaaldatum voor of op **Vrydag 6 Desember 2024**.

Teken u ‘n kontrak met AdMaths?

Ja, u sal ‘n e-pos ontvang van esign@admaths.co.za. Die kontrak mag beëindig word deur ‘n maand se skriftelike kennis te gee by junior@admaths.co.za. U mag migreer tussen pakkette.

Wat gebeur aan die einde van ‘n jaar?

Daar is ‘n R200 administratiewe fooi betaalbaar om die kontrak met nog ‘n jaar te verleng.

AdMaths behou die reg voor om ‘n “Garden” diens se klas te sluit waarvan die aantal leerders te min geraak het om lewensvatbaar te bedryf.

Ons sien uit daarna om die leerder op die program te hê.

Vir meer inligting raadpleeg www.admaths.co.za of e-pos junior@admaths.co.za.

Vriendelike groete

Jean Nico de Villiers
Hoof

2025 Graad 4 - 7 PAKKETTE

*Bepalings en voorwaardes geld. Die jaarfooi word opgedeel in maandelikse paaiemente. Klasse is steeds volgens die diskresie van die skoolhoof en is afhangend van hoeveel studente aansoek doen.

VIP "JUNGLE" PAKKET

- Weekliks-geskeduleerde in-persoon en/of aanlynklas
- Aanlyntoegang tot studiemateriaal en vooraf-opgeneemde videolesings
- Harde kopieë van die studiemateriaal word afgelewer
- VIP geskenk

R715 pm per student

"GARDEN" PAKKET

- Weekliks-geskeduleerde in-persoon klas
- Aanlyntoegang tot studiemateriaal en vooraf-opgeneemde videolesings
- Harde kopieë van die studiemateriaal kan bestel word

R510 pm per student

"BLOSSOM" PAKKET

- Weekliks-geskeduleerde aanlynklas
- Aanlyntoegang tot studiemateriaal en vooraf-opgeneemde videolesings
- Harde kopieë van die studiemateriaal kan bestel word

R426 pm per student

"SPROUT" PAKKET

- Geen kontaktyd, slegs selfstudie
- Aanlyntoegang tot studiemateriaal en vooraf-opgeneemde videolesings
- Harde kopieë van die studiemateriaal kan bestel word

R354 pm per student

Tel: 021 981 0595
E-Pos: junior@admaths.co.za
www.admaths.co.za

adJUNIOR
Have the edge with high school maths